JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

NUUSBRIEF: 11 14 – 22 April 2022

JAKKIES SPORTNAWEEK (22+23 April)

Baie sterke aan al die tennis, rugby en netbalspanne wat volgende naweek gaan deelneem aan ons sportnaweek. Kom ondersteun asseblief die spanne. Leerders wat nie deelneem nie moet asseblief in skoolklere of skool sportklere kom ondersteun. Die program sal vroeg volgende week aan die ouers deurgestuur word.

Vrydag:

Tennis (vanaf 08:00)

0/7, 0/8 en 0/9 – Netbal (vanaf 12:30)

0/7 en 0/9 – Rugby (vanaf 12:00)

Saterdag: (vanaf 08:00)

0/10, 0/11, 0/13B, 0/13A – Netbal

0/11 en 0/13 – Rugby

PRYSUITDELING AKADEMIE TOP 10

Baie geluk aan die volgende leerders wat die top presteerders in hul graad was vir Kwartaal 1:

Gr.4	Gr.5
1. Chanlé Jacobs	1. Phil Snyman
2. Ruben Bann	2. Elri de Waal
3. Lizae Swanepoel	3. Simon de Witt
4. Jake du Toit	4. Claire Combrink
5. Louwna Fourie	5. Ashley Erasmus
6. Sue-Lé Sutherland	6. Ilizé Hanekom
7. Sulé Marais	7. Retana Swart
8. Adi van der Merwe	8. Christiaan Wilkinson
	9. Hendré Schreuder

Gr.6	Gr.7
1. Luhan van der Linden	1. Burger Jacobs
2. Amber Rheeder	2. Thenike du Plessis
3. Ella du Toit	3. Madi Henning
4. Aiden Brooks / SW Engelbrecht	4. Chané Fourie
5. Jean Brits	5. Juandri Grobler
	6. Marice van der Merwe
	7. Mininke van der Watt / Carlené Masuret
	8. Luné Fourie
	9. Leo Wilkinson

REDENAARS:

Vind plaas op Maandag, 6 Junie om 14:30 in Juffrou Dalene se klas. Ouers is ook welkom en leerders moet onthou om in skoolklere te kom. Graad 4-7 leerders kan uit die volgende onderwerpe kies vir Kwartaal 2:

Graad 4-5:

- Grootmense
- Kos
- Laat slaap is heerlik. JA of NEE

Graad 6-7:

- Ek sal aanhou droom….
- Kompetisie
- Wat is my sleutel tot sukses?

VCSV PROJEK:

Ons bied ‘n fondsinsamelingsprojek aan vir minderbevoorregtes met die winter wat voorlê. Indien u so sou voel, stuur asb. enige van die volgende as donasies na die skool.

- Blikkieskos
- Serpe/musse/kouse
- Komberse

U kan dit afgee by Juffrou Elza se klas. Byvoorbaat baie dankie.

AANGEHEG

- Insidenteverslag vir die Eerste kwartaal.
- Fondsinsameling: Muurprojek

*** ‘n Geseënde en gespaarde Paasnaweek word u toegewens.**
Ry versigtig indien u reis en kom veilig terug.



PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYSIE:

Sunelda Brooks

Insidente vir Eerste Kwartaal 2022

Inligting is geneem vanaf onderwysers se insidentele boeke wat in klas aangehou is. Afdelings waarin gebeure aangeteken is kan as volg uiteen gesit word:

Akademie +	Onderwyser het aangedui dat die leerder goeie vordering toon. Ekstra werk is getrou gedoen.
Akademie -	Huiswerk wat onvolledig is. Huiswerk glad nie voltooi nie. Slordige werk. Toets wat nie geslaag is nie.
Huislik	Enige aanduidings wat dui op ouers wat nie stabiele omgewing vir kind skep nie. Afwesighede. As leerder slordig en onversorg voorkom. Ouers wat met onderwysers praat oor hul moeilike omstandighede, in sommige opsigte werk hulle ver van die huis af en is nie so betrokke by die leerder nie.
Emosioneel	Leerders wat kla oor maagpyn, hoofpyn. Leerders wat maklik huil. Agressiewe leerders Angstige leerders. Leerders wat moeilik maats maak.
Dissipline	Enige aksies wat ongewensde gedrag behels. Ongeskik teenoor onderwysers of leerders. Terugpraat met onderwysers. Aspris voorraad of toerusting beskadig of vernietig. Ander leerders beseer deur hulle te slaan of skop. Enige intimiderende of boelie gedrag. Breek van skoolreels.
Aanmeldings by SBST	Onderwysers wat by SBST koordineerder aanmeld dat hulle bekommerd is oor 'n leerder. As ouers gekontak word deur die SBST koordineerder. As kontak gemaak word met die Department oor enige verywsings van 'n leerder na terapeute of oorplasings na ander skole. Terugvoer van assesserings/evaluasies Enige sosiale/emosionele probleme wat mag voorkom of opgelet is.

Die volgende inligting is 'n opsomming van wat onderwysers aanteken in klastyd.

Graad/klas	Akademie +	Akademie -	Huislik	Emosioneel	Dissipline
Graad 1	2	3	1	6	6
Graad 2	8	7	1	3	0
Graad 3	3	10	2	1	3
Graad 4	2	8	2	1	2
Graad 5	2	12	0	0	1
Graad 6	0	0	0	0	0
Graad 7	1	36	2	1	3
SBST	8	9	6	9	2

Hoeveelheid ouers/families wat gekontak (telefonies of per afspraak) is in verband met bostaande data: 18 Ouers

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
JACOBSDAL PRIMARY SCHOOL
2022 -04- . 8
Posbus 107, Jacobsdal 8710
Tel: 053 050 5986
Epos: skoolhoof@jakkies.com

8/4/2022

Ons kort jou hulp met fondse vir:

10x sakkies sement @R100 per sak

30x panele @R660 per paneel

31x pale @R290 per paal

SLUITINGSDATUM:
21 APRIL 2022

NAVRAE: IRENE
0824404713

Jakkies se Sport Muur Projek 2022

(by die Netbalbaan)